Produk Inligtingspamflet

Silverlab Colloidal Silver Liquid

SKEDULERINGSTATUS: Aanvullende medisyne

HANDELSNAAM (doseervorm):
Silverlab Ionic Colloidal Silver Liquid (Vloeistof)

SAMESTELLING:
Elke 10ml **Liquid** bevat Ioniese^{+} Kolloïdale Silwer 18ppm (D5) in gedeioniseerde gesuiwerde water.

INDIKASIES:
Silverlab Ioniese^{+} Kolloïdale Silwer **Liquid** ondersteun die immuunstelsel en word gebruik as 'n natuurlike antibiotiese vloeistof.
In verskeie laboratorium toetse het dit anti-inflammatoriese, antibakteriële en teen-swam eienskappe getoon.
Om te help as eerste linie van verdediging teen griep en verkoue.
Om te help met die behandeling van maagaandoenings, naarheid, diarree, gastritis en voedselvergiftiging.
Topikaal dien dit as oog-spoel vir die behandeling van oog infeksie en konjunktivitis.
Dit kan ook help met die skoonmaak van wonde en die behandeling van impetigo, hooikoors en inflammasie van die blaas.

Verwys ook na die **Bodymap™** op die Silverlab webtuiste www.silverlab.co.za

KONTRAINDIKASIES: Hipersensitiwiteit teenoor enige van die bestanddele.

WAARSKUWINGS: Geen bekend.

INTERAKSIES: Geen bekend.

SWANGERSKAP EN BORSVOEDING:
Alhoewel daar geen newe-effekte gerapporteer is nie, is veiligheid tydens swangerskap en borsvoeding nog nie vasgestel nie.

DOSERING EN GEBRUIKSAANWYSINGS:
KRONIESE ORALE GEBRUIK (Langtermyn gebruik):
Vir beste resultate, hou in die mond vir 2 minute voor die vloeistof ingesluk word.
As 'n algemene daaglikse tonikum: Neem 10ml daagliks op 'n leë maag of soos voorgeskryf.
Vir immuun ondersteuning: Neem 10ml daagliks op 'n leë maag of soos voorgeskryf.
AKUTE ORALE GEBRUIK (Korttermyn gebruik):
Vir beste resultate, hou in die mond vir 2 minute voor die vloeistof ingesluk word.
Vir verkoue en griep: Neem 10 tot 20ml, 2 tot 3 keer per dag. Hou aan met gebruik vir 10 dae nadat alle simptome opgeklaar het.
Vir maagaandoenings, braking, gastritis, diarree, ligte voedselvergiftiging, Candida Albicans en swam infeksies as 'n antimikrobiese agent: Volwassenes en kinders oor die ouderdom van 12 jaar: neem 100ml op 'n leë maag, moenie eet of drink vir 20 minute nie, en neem dan 50 tot 100ml 3 keer per dag totdat die kondisie opklaar. Vir kinders tussen die ouderdom van 4 en 12 jaar, neem die

helfte van bogenoemde dosering. Neem ook dermflora bykomend en drink groot hoeveelhele water om te help met eliminasie van gifstowwe en rehidrasie na voedselvergiftiging.
Gaan daarna voort met daaglikse kroniese gebruik.

UITWENDIGE GEBRUIK:

Vir geringe snye en wonde: Spuit op geaffekteerde area of spoel area 2 tot 3 keer per dag.
As 'n oog spoelmiddel: Spoel oog versigtig met 10ml 3 keer per dag.

Indien die toestand van geringe voedselvergiftiging of braking nie binne 24 uur verbeter nie; as die toestand van blaas inflammasie, gastritis en konjunktivitis nie binne 3 dae verbeter nie; of as die toestand van hooikoors nie verbeter binne 6 weke nie, konsulteer jou Gesondheidsorg werker.

NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREELS:

Uitermatige gebruik (meer as 8L per jaar) vir lang tydsperiodes mag lei tot a kondisie genaamd Argeria ("Argyria"). Die kondisie veroorsaak 'n ligte blou-grys verkleuring van die vel. Die eerste tekens word gesien op die naelbed net bokant die halfmaan gedeelte van die nael. Indien die area op die nael begin blou word, staak gebruik van die produk en kontak die nommer onderaan. Die kondisie is raar en is slegs 'n kosmetiese effek wat nie andersins nadelig is vir die gesondheid nie.

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:

Geen bekend. Behandeling van oordosering is simptomaties en ondersteunend.

IDENTIFIKASIE: Helder vloeistof.

AANBIEDING:

Glas bottel, bruin, 100ml, 200ml en 500ml
PE houers 2.5L en 25L met plastiek aanskroef deksels

BERGINGSINSTRUKSIES:

Stoor onder 25°C buite bereik van sonlig en direkte hitte. Hou die bottels en houers dig toe. Moenie in yskas verkoel nie.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIE NOMMER: 016206

NAAM EN SAKEADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT/AANSOEKER:

Vervaardig deur:
Silverlab Healthcare
A4 Kimbult Industriële Park
9 Zeiss Straat
Honeydew
2170

Produk van Suid-Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE PRODUK INLIGTINGSPAMFLET:

1 Julie 2008

Kliëntediens +27(0)83 450 2112

www.silverlab.co.za